StoryBox
Geleenthede deur Geletterdheid

Hier is ‘n wonderlike geleentheid om betrokke te raak in jou gemeenskap en regtig ‘n verskil te maak in die lewens van kinders in ons land.

Die StoryBox Vroeë Geletterdheidsprogram is geloods by die Valley Skool op Altydgedacht Plaas. Ons het ‘n baie goeie jaar agter die rug en die skoolhoof het selfs meer betrokkenheid versoek om die leerders en onderwysers te ondersteun. Behalwe vir die goeie uitkomstes gemeet was dit ‘n wonderlike positiewe ervaring vir almal betrokke. Belangstelling van ander skole in die omgewing het daartoe gelei dat ons in 2014 ‘n satellietprogram by die Blue Mountain Skool op die Vissershokpad gaan begin. Beide hierdie plaasskooltjies bedien gemeenskappe met baie ekonomiese uitdagings.

Die Valley Skool het ongeveer 200 leerders van Graad R tot Graad 6. Die leerders is hoofsaaklik van die omliggende plase, Fisantekraal, De Noon en die Durbanville Kinderhuis. Ten minste 50% van die leerders ontvang hul enigste gekookte maaltyd per dag by die skool.

Ons benodig nog vrywilligers om betrokke te raak sodat ons die omvattende intervensieprogram kan uitbrei en meer kinders kan bedien. Ons het gevind dat mammas met kinders in die laerskool perfek is vir hierdie taak, nie net omdat julle die kinders verstaan nie, maar ook ‘n goeie idee het van wat deur die kurrikulum verwag word. Die nood is groot! Baie van die kinders begin hulle skoolloopbaan met ‘n agterstand. Die skoolgereedheidstoetse het getoon dat nie een van verlede jaar se Graad R-leerders tans toegelaat in Graad 1, gereed is vir formele onderrig nie en die Nasionale Assesseringsresultate (ANA) waarmee al ons kinders ook getoets is, het getoon dat hul geletterdheid en syfervaardighede glad nie op standaard is nie. Die Graad 1 klas bars behoorlik uit sy nate met 46 leerders. Behalwe dat baie van hierdie kinders nog nie gereed is vir skool nie, toon baie van hulle ook gedragsprobleme. Hulle is ongelukkig dikwels verwaarloos en ondervoed en daar is vele met leerprobleme, wat deur hierdie faktore asook fetale alkoholsindroom, veroorsaak word. Ons fokus tans hoofsaaklik op die grondslagfase, maar bied ook ondersteuning aan ouer kinders met lees- of leerprobleme wat deur hul onderwyseresse verwys word.

Vrywilliger-profiel

- Afrikaansmagtig
- Ons vra minstens 2 ure op ‘n weeksoggend wat gerieflik is vir jou (die meeste vrywilligers doen dit op een oggend, maar ons kyk wat vir jou kan werk)
- Geen opvoedkundige agtergrond benodig nie
- ‘n Liefde vir kinders en ‘n geloof dat ons ‘n verskil kan maak deur opvoedkunde te verbeter en te ondersteun

Wat ons van jou verwag

- Alle vrywilligers kry gratis opleiding (‘n oggendsessie van ongeveer 3 ure) waar hulle presies leer hoe om aan vroeë geletterdheidsvaardighede te werk met behulp van die WordWorks program.
- Elke vrywilliger ontvang ‘n handleiding en al die nodige materiaal, speletjies en leesboekies om haar toe te rus vir die taak.
- Vrywilligers word op ‘n rooster ingedeel om kinders in groepies van 2 - 3 kinders vir ‘n sessie van ongeveer ‘n uur te sien. Daar is 4 duidelike stappe wat in elke les gevolg word: gesels en doen, lees, skryf en ‘n klankspeletjie.
- Daar is deurgaans ondersteuning en hulp soos benodig, met ekstra opsionele opleiding wat die vrywilligers baie geniet. Vaardighede wat jy met jou eie kinders kan gebruik, word ook aangespreek.

Ander projekte

Die StoryBox het begin as ‘n geletterdheidsprogram, maar dit het vinnig uitgebrei na ‘n meer holistiese intervensieprogram. Ons probeer regtig om nie net ‘n omvattende diens by die skool te lewer nie, maar ook om vir vrywilligers geleenthede te gee om te groei en hul passies te ontdek. Ons benodig nie net hulp van nog vrywilligers om direk betrokke te raak nie, maar ook van professionele persone wat kan help met opleiding of om dienste te verskaf.

- Jaarlikse visuele sifting en opvolg (ons het tans ‘n optometris in privaatpraktyk wat hierdie diens lewer)
- Jaarlikse gehoorsifting en opvolg
- Wiskundeprogram in kleingroepe
- Leerondersteuning vir ouer kinders
- Leesondersteuning vir ouer kinders
- Praktiese klas vir kinders wat nie die hoofstroom kurrikulum kan baasraak nie

- Ons benodig dienste van ‘n arbeidsterapeut

Daar is tans 21 opgeleide vrywilligers (waarvan 19 Kenridge mammas is) betrokke by die program. Kontak my asseblief indien u betrokke wil raak. U is welkom om eers die skool of die StoryBox te besoek of om my te kontak vir verdere inligting.

Ons belowe dat betrokkenheid nie net ‘n impak sal maak op die leerders in die skool nie, maar ook op jou lewe!

Vriendelike groete

Twanette Acker
Vrywilliger en Geregistreerde Spraakterapeut en Oudioloog met ‘n belangstelling in die ontwikkeling van vroeë geletterdheidsvaardighede
Koördineerder van die StoryBox-projek
acker@telkomsa.net
0834444560